Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Augustus 2019

As Christen by die siekbed

In U lig sien ons die Lig:
Teologiese Skool/PU vir CHO 150

www.gksa.org.za

Inhoud

Augustus 2019

JAARGANG 121, NO. 3337 - Augustus 2019

1 VAN DIE REDAKTEUR
Is die Calvinisme se dae getel?

4 UIT DIE WOORD
Die wonder van geloof

6 REDAKSIONEEL
Teologiese Skool/PU vir CHO 150 – In U lig sien ons die Lig

8 BRANDPUNT
Die heerlike roeping van die kategeet

FOKUS
12 Die geskiedenis van die TSP (7)
14 God se Name (2)

AKTUEEL / BESINNING
16 As Christen by die siekbed (2)
18 Kan evolusie bestaan uit 'n Bybelse perspektief? (2)

SKRIFSTUDIE
20 God alleen red; nét Hy en op nét een manier (1)

VROUE IN DIE BYBEL
22 Noem my nie Naomi nie, noem my Mara

SKEPPING EN EKOLOGIE
25 Skeppingversiering

VAN ORALOOR
26 Feesprogram TSP 150

27 Lief en Leed
28 Kerklike administrasie
30 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2019 – 30 Junie 2020):
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R301
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R434
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R407
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R126

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Is die Calvinisme se dae getel?

Dit is nie ’n nuwe verskynsel nie, maar daar is steeds duideliker tekens dat die Calvinisme onder beleg is. En dikwels kom dit van mense wat veronderstel is om in dieselfde tradisie te staan.

Die Unisa-teoloog Christina Landman het byvoorbeeld onlangs die opmerking gemaak dat die Afrikaanse wit kerke altyd agteruit hervorm. En dan praat sy van kerke wat weer na hulle leer sou kyk vanuit ’n nuwe politieke hoek, of mense wat wil teruggaan na waar hulle voel die Bybel hulle wil hê.

Dalk het sy vergeet dat ware hervorming altyd beteken om “terug” te vorm, terug te keer na die Skrif en die belydenis. In Jeremia 6:16 word ons juis opgeroep om op die kruispad te gaan staan en te vra na die “ou paaie”.

In sy daaglikse rubriek in *Beeld* verwys dr. Stephan Joubert op 13 Julie negatief na ons belydenis (wat ook sy belydenis behoort te wees) in Sondag 3 van die Heidelbergse Kategismus dat ons nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is, “soos wat ’n kerklike formulier in daardie dae dit ook uitbasuin het”.

Standbeelde van Willem Farel, Johannes Calvyn, Theodore Beza en John Knox, by die Internasionale Museum van die Reformasie in Genève, Switserland



Die vraag kan gevra word of hy met opset die heerlike antwoord van ons belydenis weggelaat het, naamlik: *"... behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word."*

So kan die voorbeelde vermenigvuldig word van mense wat die Calvinisme afmaak as verouderd en dor, 'n dooie dogma, wat mense nie meer aanspreek nie en wat selfs deel het aan die onregte van die vorige politieke bedeling.

Definisie

In die konteks van hierdie artikel verstaan ons onder Calvinisme veral twee dinge.

In die eerste plek sien dit op die teologie ten opsigte waarvan die groot Kerkhervormer Johannes Calvyn grondliggende werk gedoen het, as ons veral dink aan sy Institusie en sy kommentaar op feitlik al die boeke van die Bybel.

Natuurlik het Calvyn ook gebruik gemaak van die insigte van ander hervormers, soos Martin Luther, Bucer, Zwingli, Melanchton ensovoorts, en ook van die teoloog Augustinus. Die Calvinisme as teologie is die teologie wat onvoorwaardelik buig voor die gesag van God se Woord.

Hierdie teologie het in kerklike (geloofs-)taal onder leiding van die Heilige Gees neerslag gevind in ons kerklike belydenisskrifte (ware gereformeerde teologie is altyd diensbaar aan die kerk), en so oor eeue tot vandag die kennisskat van gereformeerde gelowiges geword.

In die tweede plek sien Calvinisme op 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing waarvolgens die ganse skepping en elke faset van die menslike lewe en samelewing onder die gesag van God se Woord geplaas word.

Ons moet hier in ons tyd baie konkreet dink aan onder andere die politiek, die roeping en rol van die owerheid, die beoefening van die wetenskap, onderwys, etiese vraagstukke, die ekonomie.

Dit is ten opsigte van hierdie Calvinisme dat al hoe meer mense die mening huldig dat die tyd daarvoor verby is. En dan is daar inderdaad sake wat die "voortbestaan" van die Calvinisme bedreig.

Teologies-godsdienstig

Teologies word daar in ons tyd al hoe meer verdraagsaamheid getoon teenoor standpunte wat die Skrifgesag bevraagteken en in die hantering (verklaring) van die Skrif afwyk van die Gereformeerd-Bybelse beginsels (hermeneutiek).

Behalwe die leer aangaande die Skrif, word ook ander sentrale leerstukke soos die liggaamlike opstanding van Jesus Christus, die uitverkiesing, die wese van die kerk ensomeer, toenemend bevraagteken.

Kerklik-godsdienstig beleef ons 'n opbloei van strominge/dwalinge waar die mens en sy vrye wil in die sentrum staan in plaas van God en sy soewereine genade. Daar is steeds meer tekens van 'n ongesonde (ongereformeerde) piëtisme en Arminianisme in prediking, liturgie en ander praktyke, ook in sommige Gereformeerde kerke.

Dit is dieselfde Arminianisme wat op die Sinode van Dordrecht 1618/19 so grondig vanuit die Skrif weerlê is toe die Dordtse Leerreëls as een van ons belydenisskrifte aanvaar is.

Tydsgees

Ook die gees van die tyd waarin ons leef, staan in baie opsigte direk teenoor die gees wat die Calvinisme adem. Ons leef naamlik in 'n tyd waarin die mens al hoe meer word en God al hoe minder. Dit gaan om die mens en sy vermoëns, sy wetenskap, sy prestasies, sy voorkeure. Die humanisme vier hoogty. In die naam van sogenaamde "menseregte" word praktyke geregverdig wat in die lig van God se wet blatant op sonde neerkom. Dit is 'n tydsgees van verdraagsaamheid en relativisme waar enige vorm van gesag al hoe meer verwerp word en daar geen absolute waarheid erken word nie.

Waar staan die Calvinisme in hierdie tyd? En wat is ons taak en roeping op die pad vorentoe? Daaroor handel ons DV in 'n volgende artikel. CFCC

Teologiese Skool / PU vir CHO 150 –

In U lig sien ons die Lig

In die vorige uitgawe is daar geskryf oor die leuse van die Teologiese Skool, naamlik: "U lig en U waarheid" (vgl. Ps. 43:3).

Dit moet ons nie verbaas nie dat die leuse van die PU vir CHO, naamlik "In U Lig" (Ps. 36:10) so treffend ooreenkom met die leuse van die TSP.

Die ontstaan en oprigting van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys lê immers ingebed in die besluit van die GKSA oor die oprigting van 'n eie Teologiese Skool.

Toe daar naamlik op 20 Mei 1869 in die kerkgebou van die gemeente Potchefstroom besluit is om die Teologiese Skool op te rig, is daar terselfdertyd besluit om ook 'n literariese departement te begin waar studente hulle vir die onderwys en ander beroepe kon bekwaam.

Daar was dus uit die staanspoor twee departemente, naamlik 'n teologiese en 'n literariese departement.

Die universiteit het gegroei uit dieselfde bodem van die Calvinisties-Gereformeerde teologie en lewens- en wêreldbeskouing. Vandaar die oortuiging dat ook elke wetenskap die gesag van die Woord moet bely en handhaaf en nie sonder die verligtende werk van die Heilige Gees beoefen kan word nie.

In U Lig
Die treffende ooreenkoms tussen die leuse van die TSP en die PU vir CHO is daarom eintlik logies en vanselfsprekend. Prof. Piet van der Schyff het in sy monumentale werk, *"Wonderdaad ...! Die PUK tot 1951: Wording, vestiging en selfstandigheid"* (2003), breedvoerig oor die ontstaan van die leuse gehandel.

Sover vasgestel kon word, kan prof. Ferdinand Postma, die eerste Rektor wat die PU vir CHO tot selfstandigheid in 1951 gelei en bestuur het, as die vader van die leuse beskou word. Hy het naamlik reeds in April 1904 daarna verwys en dit toegepas. Ná sy terugkeer uit Nederland, waar hy gedoktoreer het, het hy by 'n byeenkoms van die "Studente Algemene Vergadering", gehou op 24 Julie 1914, Psalm 36:10 as teks gebruik.

In sy rede stel hy dan onder andere onomwonde dat die Gereformeerde belyer vir die eer van God op alle terreine, en dus ook op die gebied van die wetenskap in al sy vertakkinge, moet stry teenoor die opvatting dat die Bybel nie 'n plek in die wetenskapsbeoefening het nie.

Psalm 36:10
Soos reeds hierbo gestel, kom die leuse van die PU vir CHO uit Psalm 36:10. Die volledige vers lui soos volg: *"Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig"* (1953-vertaling). Lig staan in die Bybel altyd teenoor die duisternis van die sonde en ongeloof. Die Here is Self die Lig van die gelowige (Ps. 27:1). En sy Woord is die lig op ons lewenspad (Ps. 119:105).

Kuyper sê van Psalm 36:10: *"Wat die Psalmdigter getuig: Alleen in u lig sien ons die lig, bly vir alle menslike kennis die absolute agtergrond. Want wat beteken daardie brandende kandelaar in die tabernakel anders as dat alle duisternis in die kosmos en in die mens alleen verdryf kan word deur die lig van die Heilige Gees?"* (vry vertaal – CFCC, vgl. Van der Schyff, 2003:260).

Simboliek van die PUK-embleem
Vir talle van ons is die PUK-wapen nog goed bekend (sien illustrasie): Die sewe kandelare op 'n skild, met daaronder die leuse "In U Lig". In amptelike dokumente, gedateer 1988, word die simboliek van die wapen soos volg gestel:

"Eerstens word die idee van 'n skild heraldies teruggevoer na die tydperk toe 'n skild ter beskerming van die liggaam gebruik is. Simbolies is die personeel en studente die liggaam van 'n universiteit, wat dus beskerm moet word. Verder: die kandelaar is die enigste element op die skild ... Nogtans is dit ryk in simboliek. As enigste simbool op die skild dui dit op die soberheid wat deel van die karakter van die universiteit is, en as enigste simbool vorm dit so 'n dominante en opvallende deel van die wapen as geheel dat dit met een opslag die karakter waarvoor die universiteit staan, uitstraal ... In die sewe kandelare is sewe as volheidsgetal vervat, soos tipies voorkom in die Bybelse kandelare ... Die kandelare bevat elk 'n brandende lig wat aansluit by die leuse van die universiteit, maar ook simbool is van die lig wat die universiteit as akademiese inrigting wil uitstraal" (Van der Schyff, p. 261/2).

En nou?
Rondom die samesmelting in 2004 van die PU vir CHO met die Universiteit van Bophuthatswana het iemand gesê die "van" van die universiteit (CHO) mag van die hekke van die universiteit verdwyn, maar nie uit die harte van dosente en studente en uit die lesinglokale nie.

Ons glo en weet dat die ideaal en strewe steeds leef in die harte van talle dosente en studente en in lesinglokale uitgeleef word. Daar is egter ook konkrete aanduidings dat die NWU niks meer as 'n gewoon sekulêre universiteit geword het nie. (Is dit nie ironies dat die NWU nie 'n leuse het nie?)

Ons roeping word nie bepaal deur die politiek of tydsgees of wat ook al nie, maar deur ons troue Verbondsgod. Die lig van sy Woord en die verligtende werk van sy Heilige Gees kan deur niks uitgedoof word nie. Daaraan het ons deel deur sy genade.

Daarom moet ons steeds bely en leef vanuit die leuse: "In u lig sien ons die lig." CFCC

Nico van der Walt (Randburg)

God alleen red; nét Hy en op nét een manier!

(1) Skrifuitleg

Lees: Galasiërs 1:6-10

Hierdie artikel verskyn in twee dele: nou eers die Skrifuitleg en volgende keer DV die praktiese toepassing: Wat sê dit vir ons? Hou dus hierdie uitgawe ten einde volgende keer te kan terugverwys.

Anders as sy gewoonte, begin Paulus hierdie brief met ’n skerp vermaning. Waarom sy ontsteltenis? Wat in Galasië aangaan, bedreig sy werk, hulle geloof en saligheid – ja, inderdáád hulle redding – die voortbestaan van die gemeentes, en, ergste van alles, die suiwerheid en voortgang van die evangelie en die eer van die Here.

Ook vir ons is dit van lewensbelang om noukeurig ag te slaan op hierdie verse. Ons mag eenvoudig nie hier mistas nie. Waarop kom hierdie gedeelte neer? Dis wat ek nou wil tuisbring in die vertroue dat nie een van ons dit ooit sal vergeet nie: *Slegs geloof alleen in Jesus Christus alleen – sonder enige poging van my kant af om enigsins ’n bydrae tot my verlossing te lewer, bring ewige redding. Trouens, enige volgehoue poging om eie verdienste as aanvulling by Christus se soenverdienste te voeg, is diskwalifiserend vir die saligheid. Dit is die uiters enstige waarskuwing van die heilige Skrif. Selfs my geloof word nie deur die Skrif as reddende verdienste geag nie*. Dit is bloot die kanaal waardeur redding in iemand se lewe invloei. Hierdie kanaal is weliswaar onmisbaar noodsaaklik, maar verdienste is dit allermins.

Die 16de-eeuse Reformasie het hierdie beginsel goed verstaan en dit baie uitdruklik beklemtoon met die fundamentele wekroepe: *Solus Christus; Sola fides; Sola gratia* (Christus alleen; Geloof alleen; Genade alleen). Daarenteen was die Middeleeuse Rooms-Katolieke Kerk deurtrek van sakramentalisme. Dit beteken dat die sakramente (waarvan die kerk destyds ’n stuk of sewe aanvaar het) nie bloot gesien is as *tekens* van genade nie, maar as *middele of instrumente of kanale* waardeur genade in ’n mens se lewe invloei.

So is die sakramente effektief as saligmakend beskou.

Die Galasiërs se kettery

Die Galasiërs was onder die invloed van die Judaïste. Hierdie mense het hulleself as Christene beskou, maar verkondig dat geloof in die verdienste van Jesus Christus, sáám met onderhouding van die seremoniële wet – in die besonder die besnydenis – noodsaaklik is vir redding (Hand. 15:1, 24). Hierteen verset Paulus homself dan met alles in hom.

Die apostel se reaksie

In Galasiërs 1:6 spreek Paulus sy verbasing uit dat die Galasiërs so gou van God – wat hulle deur die genade van Christus geroep het – “afvallig word” na ’n “ander evangelie” toe. *Afvallig word*, in die Grieks, dui op ’n verplasing van lojaliteit – soos soldate wat dros, of ’n politikus wat na ’n ander party oorloop. In die Galasiërs se geval het dit neergekom op die aanneem van ’n *ander evangelie* (Gal. 1:6)!

As die apostel van ’n *ander evangelie* praat, impliseer dit dat daar ’n *ware evangelie* is. Wat is dit? Hierdie ware evangelie word aan twee dinge geken: sy *oorsprong* en sy *inhoud*.

Die ware evangelie het ’n baie spesifieke *oorsprong*. Dis die evangelie wat die geïnspireerde apostels verkondig het – die een wat deur die Heilige Gees geïnspireer is en in die Nuwe Testament uiteengesit word. Niks anders nie! Selfs ’n “engel uit die hemel” het nie die gesag om dit aan te pas nie. Hoeveel te minder enige mens! (Gal. 1:8).

Watter evangelie kry ons by die apostels? Oor en oor word beklemtoon: die *inhoud* daarvan het drie onmisbare fokuspunte: (1) sondaars word uit *vrye genade* alleen gered (o.a. Hand. 20:24; Rom. 3:24; 11:6; Ef. 2:5, 8-9); (2) sondaars word op grond van *Christus se verdienste alleen* gered (o.a. Joh. 14:6; Hand. 4:12; Rom. 5:8; Gal. 1:4; 3:13; 1 Tim. 2:5-6); (3) sondaars word deur *geloof alleen* gered (o.a. Rom. 1:16-17; 3:22, 28; Gal. 2:16; 3:7; Ef. 2:8). Dit is presies die drie *Sola’s* wat die Reformasie so beklemtoon het: genade alleen, Christus alleen, geloof alleen.

Waar kom die Galasiërs aan hierdie ander evangelie? Hulle is “betower” (3:1, OAV) deur die *Judaïste*. Let op en hou dit steeds in gedagte, Judaïste en hulle moderne eweknieë ontken nie die noodsaak van Christus se versoeningswerk nie. Maar hulle glo nie dis *genoegsaam* nie. By Christus se verdienste moet die mens s’n gevoeg word: *God het sy deel in Christus gedoen; nou is dit die mens se beurt!*

En hierop kom dit noodwendig neer: in die finale analise hang iemand se redding van homself af.

Die vrug van dwaalleer

Die Judaïste “verdraai” (Gal. 1:7) die evangelie van Christus. Die woord dui op ’n omdraai van iets – om dit agterstevoor te draai. Die woordkeuse is in die kol. Die evangelie sê: eers redding, dan volg werke. Die Judaïste leer: eers werke, dan volg redding. Hierdie dwaalleer veroorsaak “verwarring” (Gal. 1:7) by die Galasiërs. Die bepaalde woord beteken om heen en weer te skud. Die dwaling maak hulle dus deurmekaar; dit krap hulle om. Dwaalleer bring nie net verwarring in denke nie, maar ook in verhoudinge. Dit ruk uitmekaar! Die teendeel is egter ook waar: evangeliewaarheid en suiwer leer bring begripsklarigheid, koersvastheid en hartseenheid.

Paulus se reaksie

Paulus is geweldig ontsteld en verontwaardig. Twee keer roep hy oor so ’n dwaalleraar uit: “die vloek van God sal hom tref!” (Gal. 1:8, 9). In die Griekse vertaling van die Ou Testament, die Septuaginta, van ongeveer twee eeue voor Christus, word die woord *anathema* gebruik. Dis ’n woord wat praat van die banvloek: om in opdrag van God alles dood te maak wat lewe. Waarom voel die apostel so sterk oor die saak?

- Eerstens *doen die Judaïste Christus se eer geweld aan.* Hulle standpunt impliseer dat Christus se werk onvoldoende was – dat mense dit moet aanvul. In 1 Timoteus 1:11 word gepraat van “die evangelie van die heerlikheid van die goeie God”. In die evangelie word die heerlikheid van God dus gesien. Ondermyn die evangelie, en jy tas God se heerlikheid aan. En dit is geen geringe saak nie. Dis immers waaroor die hele verlossingsplan ten diepste gaan (Rom. 9:20-24; Ef. 2:7). Daarin sien ons attribute van God wat andersins onsigbaar sou wees – onder meer sy liefde, sy genade en sy trou!
- Tweedens, om aan die evangelie van God se vrye genade in Christus te peuter, *is ’n veragtelike belediging vir Hom!* Wie sal dit waag om ’n Rembrandt met ’n garagekwas te dokter? Hoeveel te minder durf ons die evangelie verwater? Nee, laat dit maar ’n aanstoot vir die godsdienstiges wees, en onsin vir die ongelowiges (1 Kor. 1:23). Hulle wat die krag van die evangelie ken, sal dit kompromieloos bly verkondig!
- Derdens, *die redding van mense is op die spel*. Die Judaïste se dwaling is veel meer as ’n denkfout, ’n teologiese mistasting. Dis ’n fatale kettery! Waarom? Dis ’n rugdraai op “God wat julle deur die genade van Christus geroep het” (Gal. 1:6). Om die evangelie van God se vrye genade te versaak, is om die God van genade te versaak! In Galasiërs 5:2-4 word dit uitdruklik gesê. Wie homself nog laat besny omdat hy dink dít sal hom vir God aanvaarbaar maak, sal die teenoorgestelde bereik: *hy sal nié gered word nie!* “Christus het vir hom geen betekenis nie”; hy het sy “band met Christus verbreek”; hy het “die genade van God verbeur”. Daar bly gevolglik vir hom net een reddingsalternatief oor: “om die hele wet van Moses te onderhou” (Gal. 5:3). In beginsel is dit makliker om só gered te word as deur Christus *plus* werke. Want dít sal God in der ewigheid nie aanvaar nie. DK

FEESPROGRAM TSP 150

Ter viering van die 150-jarige bestaan van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, organiseer die Teologiese Skool in samewerking met die Fakulteit Teologie van die NWU 'n Fees rondom 'n akademiese konferensie.

Tema van die konferensie: Die impak van Gereformeerde Teologie

Datum: 18-20 September 2019

Lokaal: Geboue van die Fakulteit Teologie in Potchefstroom, die Teologiese Skool Potchefstroom en Administratiewe Buro van die GKSA.

Programinligting:

Woensdag 18 September:

- 12:30 – Registrasie
- 13:30 – Kongresopening
- 13:45 – 15:30 – Feeskongres
- 16:00 – 17:30 – Begeleide toer deur Kerkmuseum en Totiushuis (ook vir nie-kongresgangers)
- 17:30 – Onthulling van gedenkplaat by TSP
- 19:00 – Stemmingsprogram “Met woord en lied” in die kerkgebou van GK Potchefstroom Die Bult (ook vir nie-kongresgangers)

Donderdag 19 September:

- 8:00 – 17:00 – Feeskongres
- 17:15 – 18:00 – GTV-vergadering
- 19:00: Feesdinee en kunsuitstalling in die onthaalsaal van die Admin Buro (ook vir nie-kongresgangers; voorafbespreking en betaling is noodsaaklik teen 10 September)

Vrydag 20 September:

- 8:00 – 13:00 – Feeskongres
- 14:00 – 16:30 – Na-konferensie-besoek aan Krugerskraal

Kostes:

Betaling ontvang voor 10 September:

- Kongres: R220 (sluit verversings en Donderdag se middagete in)
- Met woord en lied: Sagte kollekte
- Feesdinee: R200 (bespreking en betaling is noodsaaklik teen 10 September)
- Besoek aan Krugerskraal: R50 (sluit vervoer in; voorafbespreking is nodig teen 10 September)

Vir betaling ontvang na 10 September:

- Kongres: R260 (sluit verversings en Donderdag se middagete in)
- Met woord en lied: Sagte kollekte
- Besoek aan Krugerskraal: R60 (sluit vervoer in; voorafbespreking is nodig teen 10 September)

Bankbesonderhede vir inbetaling:

ADMIN BURO VAN DIE GKSA
ABSA BANK
REKNR 6-7014-0040
TAKKODE : 632-005
Verwysing : TSP150 + voorletters en van
Stuur bewys van betaling aan elsabe.labuschagne@nwu.ac.za

Vir meer besonderhede en bespreking kontak elsabe.labuschagne@nwu.ac.za / 018-299 1846